
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# JUNIE 2024

# WISKUNDIGE GELETTERDHEID V1

**PUNTE:** **100**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye, insluitend 'n antwoordblad.

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Die vraestel bestaan uit VIER VRAE. Beantwoord AL die vrae.

2. Begin ELKE vraag op ŉ nuwe bladsy.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Laat EEN reël tussen twee subvrae oop, bv. tussen VRAAG 2.1 en VRAAG 2.2.

5. Gebruik die ANTWOORDBLAD aangeheg om VRAAG 3.6 te beantwoord.

6. Jy mag ŉ goed gekeurde sakrekenaar (nieprogrammeerbaar en niegrafies) gebruik tensy anders vermeld.

7. Jy mag toepaslike wiskundige instrumente gebruik.

8. Toon ALLE formules en vervangings in ALLE berekeninge.

9. Rond jou finale numeriese antwoorde tot ŉ minimum van TWEE desimale plekke af.

10. Skryf netjies en leesbaar.

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 1

1.1 Die parkeertariewe by BT Ngebs winkelsentrum in Mthatha word hieronder gegee. Die tarief word per uur of ŉ deel daarvan gehef. Bestudeer die tabel en beantwoord die vrae wat volg.

**TABEL 1: PARKEERTARIEF BY BT NGEBS**

| PARKEERTARIEWE | |
|---|---|
| **UUR** | **TARIEF** |
| 0–1 uur | R5,00 |
| 1–3 uur | R10,00 |
| 3–4 uur | R15,00 |
| 4–5 uur | R20,00 |
| 5–6 uur | R25,00 |
| 6 + ure | R45,00 |
| Verlore kaartjie | R70,00 |
| Oornag | R100,00 |

**<u>VRYWARING VAN AANSPREEKLIKHEID</u>**

Saipark, BT Ngebs-winkelsentrum en/of hul werknemers, agent of subkontrakteurs sal nie aanspreeklik wees vir enige verlies of skade van watter aard ook al veroorsaak, wat deur die kliënt gely word ten opsigte van enige voertuig of enige goedere wat by Saipark gelaat of gedeponeer word nie, BT Ngebs-winkelsentrum/of hul werknemers, agent, of subkontrakteurs, terwyl sodanige voertuig of goedere op die perseel van BT Ngebs winkelsentrum is, selfs waar die verlies deur die nalatigheid of growwe nalatigheid van Saipark, BT Ngebs-winkelsentrum en/of hul werknemers of subkontrakteurs veroorsaak word.

1.1.1 Skryf die bedrag neer wat ŉ kliënt wat 2,5 uur spandeer, sal betaal. (2)

1.1.2 Definieer die term *"deel daarvan"* in die gegewe konteks. (2)

1.1.3 Op ŉ Swart Vrydag spesiale aanbod hoef klante slegs 75% van die gewone tarief te betaal. Bereken die bedrag wat deur ŉ kliënt wat 4,25 uur in die winkelsentrum deurbring betaal word. (2)

1.2 Die totale aantal gekwalifiseerde onderwysers in Suid-Afrika in 2022 was 490 993. 68% van die onderwysers is vroulik.

1.2.1 Is die data diskreet of deurlopend? (2)

1.2.2 Skryf die aantal gekwalifiseerde onderwysers in woorde. (2)

1.2.3 Bepaal hoeveel onderwysers manlik is. (3)

1.2.4 Druk die aantal vroulike onderwysers tot die totale aantal gekwalifiseerde onderwysers as ŉ verhouding uit. Skryf jou verhouding in die vorm 1 : … (3)


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.3 Kies die toepaslike opsie vir die volgende gegewe stellings. Skryf slegs die vraagnommer en die letter neer, byvoorbeeld, 1.3.3 E.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **A – Seker** | **B – Onmoontlik** | **C – Gelyke kans** | **D – Minder waarskynlik** |

1.3.1 Die waarskynlikheid om ’n leerder te kies wat Wiskundige Geletterdheid en Wiskunde doen. (2)

1.3.2 Die waarskynlikheid om ’n belastingbetaler te kies wat al die drie kortings by ’n plaaslike skool sal ontvang. (2)

**[20]**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 2

Daniel is ŉ 53-jarige man wat ŉ maandelikse bruto salaris van R32 500 verdien. Hy dra elke maand 7,5% van sy salaris tot pensioen by. Hy dra by tot ŉ mediesefonds vir homself, sy vrou en drie kinders. Gebruik die belastingtabel hieronder om die vrae wat volg te beantwoord.

**TABEL 2: 2023 BELASTINGJAAR (1 MAART 2022 – 28 FEBRUARIE 2023)**

| BELASBARE INKOMSTE (R) | BELASTINGKOERSE |
|---|---|
| 1 – 226 000 | 18% van belasbare inkomste |
| 226 001 – 353 100 | 40 680 + 26% van belasbare inkomste bo 226 000 |
| 353 101 – 488 700 | 73 726 + 31% van belasbare inkomste bo 353 100 |
| 488 701 – 641 400 | 115 762 + 36% van belasbare inkomste bo 488 700 |
| 641 401 – 817 600 | 170 734 + 39% van belasbare inkomste bo 641 400 |
| 817 601 – 1 731 600 | 239 452 + 41% van belasbare inkomste bo 817 600 |
| 1 731 601 en hoër | 614 192 + 45% van belasbare inkomste bo 1 731 600 |

**BELASTINGKORTINGS**

| | |
|---|---|
| Primêre korting | R16 425 |
| Sekondêre korting – 65 jaar en ouer | R9 000 |
| Tersiêre korting – 75 jaar en ouer | R2 997 |

**MEDIESE BELASTING KREDIETTARIEWE**

| | |
|---|---|
| Belastingbetaler | R347 per maand |
| Belastingbetaler + eerste afhanklike | R694 per maand |
| Elke addisionele afhanklike | R234 per maand |

[Aangepas uit www.sars.gov.za. Toegamg op 10 Januarie 2024 verkry.]

2.1 Bepaal die jaarlikse bydrae tot pensioen. (3)

2.2 Daniel beweer dat sy belasting meer as 15% van sy maandelikse bruto salaris is. Toon, met berekeninge, dat sy stelling GELDIG is of nie. (9)

2.3 Toon hoe R239 452 in belastingkategorie 6 bereken word. (3)

2.4 Daniel het ŉ enkelbedrag ontvang omdat hy 20 jaar by dieselfde maatskappy gewerk het. Die maatskappyreël is om 80% van hul maandelikse bruto salaris aan werknemers toe te ken. Daniel het die bedrag wat hy ontvang het belê in ŉ rekening wat 11,5% p.j. bied, jaarliks saamgestel. Bereken hoeveel hy na drie jaar sal ontvang. (6)

**[21]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 3

Die provinsiale getal kiesers wat na die eerste registrasie in November 2023 aangeteken is, word in die tabel hieronder getoon. Gebruik die tabel om die vrae wat volg, te beantwoord.

**TABEL 3: PROVINSIALE AANTAL GEREGISTREERDE KIESERS**

| PROVINSIE | AANTAL GEREGISTREERDE KIESERS | PERSENTASIE |
|---|---|---|
| Oos-Kaap | 3 348 392 | 12,47 |
| Vrystaat | 1 422 384 | 5,3 |
| Gauteng | 6 274 046 | 23,37 |
| KwaZulu-Natal | **A** | 20,76 |
| Mpumalanga | 1 965 259 | 7,32 |
| Noord-Kaap | 634 792 | 2,3 |
| Limpopo | 2 714 474 | 10,11 |
| Noordwes | 1 718 340 | 6,4 |
| Wes-Kaap | 3 198 146 | **B** |
| Totaal | 26 850 972 | 100 |

[Aangepas uit www.elections.org.za. Toegang op 7 Januarie 2024 verkry.]

3.1 Bepaal watter provinsie die minste getal kiesers aangeteken het. (2)

3.2 Daar is twee maniere om die waarde van **A** te bereken. Gebruik albei metodes om die aantal kiesers wat in KwaZulu-Natal geregistreer is, te bereken en verduidelik waarom die antwoorde verskil. (6)

3.3 Toon dat die persentasie kiesers in die Wes-Kaap 11,91% is. (3)

3.4 Bereken die gemiddelde aantal kiesers in Suid-Afrika per provinsie. (4)

3.5 Bepaal die interkwartielreeks vir die aantal geregistreerde kiesers. (6)

3.6 Gebruik die voorsiene ANTWOORDBLAD om die lyngrafiek vir die persentasie kiesers per provinsie te trek. (4)

3.7 Gee 'n moontlike rede waarom die aantal geregistreerde kiesers belangrik vir politieke partye is. (2)

3.8 Bepaal die waarskynlikheid, as 'n desimale, afgerond tot 3 desimale plekke om 'n geregistreerde kieser wat in die Kaapse provinsie(s) woonagtig is, te kies. (3)

**[30]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 4**

Die wensokkerspan is $7 miljoen in die Afrika-Nasiesbeker (African Cup of Nations) belowe. Die span, insluitend die tegniese personeel, het ŉ totale aantal van 30 lede. Hulle gaan die $7 miljoen gelykop deel.

4.1 4.1.1 Skryf die wengeld in syfers. (2)

4.1.2 Bepaal hoeveel elke lid sal ontvang as hulle die toernooi wen. Rond die antwoord tot die naaste 1 000 af. (3)

4.2 Die Suid-Afrikaanse krieketspan het tot in die halfeindstryd in die Krieketwêreldbeker 2023 deelgeneem. Daar was twee hoofborge uit verskillende lande. Hulle het hul eie geldeenheid gebruik om spelers vir verskillende toekennings te betaal, soos die meeste sesse wat aangeteken is, speler van die wedstryd en speler van die toernooi.

Gebruik die wisselkoerse wat hieronder gegee word om die vrae wat volg, te beantwoord.

**TABEL 4: WISSELKOERS VAN DIE KOOP EN VERKOOP VAN BUITELANDSE VALUTA**

| GELDEENHEID | KOOP | VERKOOP |
|---|---|---|
| Amerikaanse dollar $ | R19,1305 | R18,9739 |
| Britse pond £ | R24,3861 | R23,9202 |

4.2.1 Daar word 2,5% kommissie gehef wanneer dit na plaaslike geldeenheid omgeskakel word. Bereken hoeveel in die speler se rekening in Rand gedeponeer sal word as hy $5 000 en £2 000 van die twee hoofborge gekry het. (6)


4.2.2 Gee ŉ moontlike rede waarom daar ŉ verskil tussen die koop en verkoop van buitelandse valuta is. (2)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



4.3 Die diagram hieronder toon die uitgawes van die metropolitaanse munisipaliteite van Suid-Afrika in die jaar geëindig 2022.

**WERKLIKE UITGAWES SOOS OP 31 DESEMBER 2022**




[Aangepas uit www.gov.local-government.gov.za. Toegang op 6 Januarie 2024 verkry.]

4.3.1 Hoeveel provinsies het metropolitaanse munisipaliteite in die land? (2)

4.3.2 Benoem die tipe grafiek wat gebruik is om die werklike uitgawes in die metropolitaanse munisipaliteite van Suid-Afrika voor te stel. (2)

4.3.3 Toon aan dat die waarskynlikheid om 'n munisipaliteit te kies wat 'n uitgawe van hoogstens R0,7 miljoen het, 62,5% is. (4)

4.4 Thandi koop en verkoop skryfbehoeftepakkies by skole in haar gemeenskap. Die tabel hieronder toon die koste en inkomste per skryfbehoeftepak.

**TABEL 5: KOSTE EN INKOMSTE PER PAK**

| **Aantal pakke** | 0 | 10 | 20 | 30 | 40 | 50 | 60 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Koste van pakke** | R6 000 | R9 500 | R13 000 | R16 500 | R20 000 | R23 500 | R27 000 |
| **Inkomste van pakke** | 0 | R7 500 | R15 000 | R22 500 | R30 000 | R37 500 | R45 000 |

4.4.1 Definieer die term *gelykbreek* in die gegewe konteks. (2)

4.4.2 Noem die tipe koste wat R6 000 verteenwoordig. (2)

4.4.3 Bepaal hoeveel pakke Thandi moet verkoop om gelyk te breek. (4)

**[29]**

**TOTAAL: 100**



SA EXAM PAPERS


SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**ANTWOORDBLAD**

**NAAM VAN LEERDER:** ______________________________ **GRAAD 12:** _________

**VRAAG 3.6**




Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS